Sing vooraf: Psalm 20:1, 5 (p. 90)

1 O, mag die HERE u verhoor
in dag van nood en stryd!
En mag die Naam van Jakobs God
u dek in oorlogstyd!

5 Ons wil oor u oorwinning juig –
die vaandels jubel mee!
Ons loof die Naam van onse God.
Mag Hy u wens u gee!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 25:1, 7 (p. 115)

1 Tot U hef ek hart en hande;
op U, HEER, verlaat ek my;
laat die vyand oor my skande,
oor my val, hom nooit verbly.
Ja, U sal hul nooit verlaat
wat in u vertroue wandel,
maar U dek hul met u smaad
wat hier troueloos lik handel.

7 Gods geheim'nis is die lewe
vir wie wandel in sy vrees;
en Hy 't sy verbond gegewe
om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER
wat my so getrou gelei het,
want Hy voer my voete weer
uit die net wat hul gesprei het.

Geloofsbelydenis Nicea

Na die wet antwoord ons met Psalm 1:4 (p. 2)

Wet

Psalm 1:4 (p. 2)

4 God ken die pad waarop sy volk moet gaan; / sy oog is dit wat hulle gadeslaan
en met sy lig hul lewenspad bestraal het; / maar sondaarspad wat van Hom weggedaal het -
dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed, / loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 59:10 (p. 291)

10 Maar ék sal van u sterkte sing, / u goedheid vroeg my jubel bring:
U was my toevlug in die nag, / in angs het ek op U gewag.
God van genade◠en sterk daarby, / aan U sal ek my loflied wy!

Skriflesing: Josua 5

Teks: Josua 5:14

En Hy sê: Nee, maar Ek is die leërowerste van die HERE; Ek het nou gekom. Toe val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Here aan sy dienskneg sê?
(Josua 5:14 AFR1953)

Hoe dikwels sien ons op teen die lewe.

- Baie keer is daar soveel dinge wat ons gelyk moet doen – en dan is dit nog moeilik om te doen ook.
- Dan voel mens so half lus om handdoek in te gooi.

Dit gaan met ons geloof ook so. Baie keer het ons net nie die moed om ’n bepaalde beginsel uit te lewe nie.

- Nie net omdat ons nie altyd weet wat om te doen nie.
- Dikwels ook omdat ons nie die hart het om dit te doen nie.
- Soms is ons geloof so swak dat ons nie kan glo dat ons in staat is om sekere dinge te doen nie.
    - Ons selfvertroue is net nie daar nie.
    - Ons verloor voordat ons begin het.

Met al die dinge in gedagte, ondersoek ons die volgende sake rondom Josua daardie aand voor die inval:

1. Die praktiese omstandighede waarin die Israeliete daardie aand was
2. Josua se spanning
3. Christusprediking
4. Toepassing

1. Die praktiese omstandighede waarin die Israeliete daardie aand was

Presies so was dit hierdie dag met Josua.

- Israel het by die ingang na Kanaän toe gestaan.
- Die hele woestynreis met al sy hongersnood en dors, oorloë en dood is agter die rug.
- Die groot oomblik waarvoor hulle uit Egipte weg is, het aangebreek – hulle gaan die land van belofte in besit neem!

Die aand vier hulle die Pasga. Dit was die fees van verlossing uit die land van die Egiptenare.

- Maar hierdie verlossing was in hulle geval nie onvoorwaardelik nie.
- Die Here het hulle voor die uitdruklike eis gestel dat hulle Hom alleen voluit moes dien.
- Die ander voorwaarde was dat hulle nie die kortpad al langs die kus op moes neem nie – hulle moes die moeilike pad deur die woestyn neem.

Daarmee wou die Here twee dinge doen:

- Hy wou Hom in sy almag aan hulle openbaar.
    - Elke keer wanneer daar ’n krisis was en hulle van die honger of die dors wou sterf, het die Here aan hulle geopenbaar dat Hy die situasie oplos.
- Verder wou die Here hulle op hierdie manier skool.
    - Hulle moes van slawe af verander na ’n volk wat vir homself kon dink en beplan.
    - Hulle moes opgelei word om te kon oorlog maak.

Nou is hierdie lang en moeilike pad agter die rug. Hulle staan voor die land se grense en hulle moet dit in besit gaan neem.

- Dit lê soos ’n berg voor Josua.
- Hy loop daardie nag rusteloos rond en hy bekommer hom daaroor.
- Hoe kan hy – wat maar net ’n mens is – dit regkry om so ’n magtige stad soos Jerigo in te neem?

Jerigo was die eerste vesting van die vyand wat moes val.

2. Josua se spanning

Daar staan in die Bybel dat Josua daardie aand by Jerigo was, en terwyl hy daar was, het daar 'n man aan hom verskyn.

- Josua was egter nie letterlik by Jerigo nie. Hy was by Gilgal. Lees maar net die vorige paar verse.
- Die bedoeling van die Bybelskrywer is om dit duidelik te stel dat Josua in sy gedagtes by Jerigo was.

Soos dit 'n goeie aanvoerder betaam, beplan Josua voordat hy gaan veg.

- Hy het sy verkenning klaar gedoen, en hy weet presies hoe die stad en sy mure en die omgewing daar uitsien.
- Nou was hy in sy gedagtes so diep versink in die aanval op hierdie stad, dat daar geskryf word: "terwyl Josua by Jerigo was".

Sover dit Josua aangaan, is hy – menslik gesien – besig om te beplan oor die onmoontlike.

- Israel was omring van vyande – hulle het geen bondgenote wat hulle kan help nie.
- Soos hy so in sy gedagtes die gebied loop en oorverken, en die aanval beplan, lyk dit asof daar net vyande is wat wag.
    - Hy besef daardie aand dat sy eie kragte maar klein is.
    - Hy besef ook dat die leër se oorlogstoerusting maar uiters beperk en gering is – in elk geval te gering om 'n vesting soos Jerigo in te neem.

Terwyl hy so diep in sy gedagtes loop en worstel, staan daar meteens 'n man by hom, met 'n ontblote swaard in sy hand. Dis die Bybel se manier om te sê dat hierdie man sy swaard uitgetrek het, en dat hy gereed is om te veg.

U kan net mooi dink in watter dilemma Josua homself bevind het.

- Hy sien kwalik kans vir Jerigo, en nou staan hier 'n man wat met hom wil veg.
- Sy eerste gedagtes was seker dat daar meer vyande is as waarop hy gereken het, of dat 'n vyand met wie hy nie rekening gehou het nie, besig is om hulle aan te val.

Met 'n verwarde gemoed vra hy vir hierdie soldaat:

- Hoort u by ons of by die vyande? Met ander woorde: Wie is u? As dit 'n vyand is, gaan Josua hom net daar doodslaan.
- Dan kom die man se selfversekerde antwoord deur die gespanne naglug:
  Ek is die Here se leërowerste!

Hy sê vir Josua: **Ek het nou gekom.**

- Ek het betyds gekom om jou te help met jou oorlogsbeplanning.
- Ek is betyds om jou te vertel en te verseker dat God met jou is – net soos wat Hy Moses verseker het dat Hy by hom sal wees.
- Die Here weet van elke gelowige op die aarde se stryd. Daarom kom Hy self om hulle te help.

Josua erken die Here se hulp. Daarom buig hy voor die man neer.

- Volgens die destydse Oosterse gebruik beteken dit dat hy die bevel aan die man oorgedra het.
- Prakties het dit beteken dat die Leërowerste van die Here toe in bevel was van sowel die leër van die engele, as van die leër van Israel.

Josua vra dan ook: Wat wil my Here aan sy dienskneg sê?

- Josua besef by sy onvermoë die genade van die Here: Die Here het dan beloof om by hom te wees. (Lees maar Josua 1: 5, 6.)
- Dis ook vir Josua baie duidelik waarom hierdie man gekom het.

    - Hierdie leërowerste van die Here het gekom om te veg.
    - Daarom staan hy met ’n ontblote swaard in sy hand.
    - Die Here het gekom om vir Josua sy stryd te stry.

Die eerste bevel wat Josua ontvang, is: Trek jou skoene van jou voete af!

- Waar God is, is dit heilig.
    - Dink net hoe heerlik moes dit vir Josua gewees het om in hierdie oomblik van krisis en spanning met God self te kon praat en omgaan!
    - Om in jou nood meteens die Here by jou te sien, en van Hom self te hoor dat jy geen rede tot kommer het nie.

Daar sit natuurlik nog iets meer daarin dat Josua sy skoene moes uittrek. Hy was klaar moedeloos voordat die engel by hom gekom het.

- As hy nou nog sy skoene ook moes uittrek, sou dit beteken dat hy feitlik heeltemal magteloos sou wees.
- Hy sou nie gevegsgereed wees nie, want dit was nie moontlik vir ’n soldaat om kaalvoet te veg nie.
- Josua trek tog sy skoene uit om daarmee te wys dat hy sy vertroue volkome op die Here stel.

Maar nou moet u mooi oplet: Dit het nie beteken dat Josua sonder verantwoordelikheid is nie.

- Hy het die oorlog gaan veg.
- Steeds as aanvoerder van die Israeliete, maar onder God se bevel.

Dit is duidelik uit hierdie gedeelte dat die gelowiges op die aarde voortdurend in ’n heilige stryd betrokke is.

- Hulle moet reg en heilig lewe, en die wêreld oefen dikwels druk op hulle uit om verkeerd te doen en te leef.
- Dan moet hulle beginselbeslissings neem wat elkeen op die lyn lê van die soort beslissings wat Josua moes neem voor Jerigo.
- Jy moet besluit wat jy moet doen tot eer van die Here.

Soos by Josua, is die Here se Leërowerste ook altyddeur by ons.

- Elke keer nog wanneer ons opreg by God gesmeek het vir krag en hulp, was dit daar – die Here gee altyd sy bystand.
- Jy moet net nie verwag dat jy die genade van God kan misbruik nie. So werk dit nie.

Jy sal soos Josua alle eer en aanbidding aan God moet gee.

- Dit sal jou opregste bedoelings en geloof moet wees dat God almagtig is en dat Hy werklik oor alle mag beskik – ook die regeermag en beslissingsmag in jou lewe.
- Jou oorgawe en vertroue op die Here moet daar wees.
- Daarom moet die manier waarop jy teen verkeerde dinge stry, ook hierdie kenmerk dra dat jy die heiligheid van God voorop stel.

3. Christusprediking

Die man daar in die donker stel Homself aan Josua bekend as die Leërowerste van die Here. Nou is op hierdie punt ’n paar dinge in die Bybel waarvan ons eers moet kennis neem.

- Die eerste is dat die Naam wat hier vir die Here gebruik word, sy Verbondsnaam is. Dis die Naam van God waarmee hy met ’n eed verklaar het dat Hy vir Israel ’n God sal wees, en dat hulle vir Hom ’n volk moet wees.
- Verder moet u besef dat as hierdie man voor Josua die Leërowerste van die Here is, Hy die aanvoerder van al God se engelemagte is.
    - Uit die Nuwe Testament weet ons dat daar net een Aanvoerder oor al die engelemagte is, en dit is Jesus Christus.
    - Ons het dus inderdaad hier te doen met ’n Ou-Testamentiese openbaring van Jesus Christus self.

Toe die Leërowerste van die Here aan Josua verskyn het, was dit op ’n stadium toe hy nog nie eers die volle sterkte van sy krag geopenbaar het nie.

- Dit het Hy jare later gedoen in hierdie selfde Palestina wat Hy Josua help in besit neem het.
- Hy het in sy stryd teen die duiwel en al sy magte die laaste veldslag in Jerusalem geveg.
    - Dit was ’n veldslag wat Hy so beplan het dat Hy by daardie geleentheid die Satan se mag totaal wou breek, en dan ook nog al die wat gered word vir ewig van die duiwel bevry.

Ons kry Hom die aand voor die tyd in Getsémané.

- Net soos Josua was Hy in ’n geweldige spanning en stryd.
- Sy stryd is net heeltemal anders as Josua s’n die aand by Gilgal.
    - Die aand by Gilgal het God se Leërowerste Josua te hulp gesnel en die bevel as ’t ware oorgeneem.
    - Die aand in Getsémané was daar niemand om Jesus Christus te hulp te snel nie!
    - Hy moes Man Alleen die vesting van die Satan binneval, oorwin en weer in die lewe opstaan – daar was nie eers een manskap van sy hemelse leër wat Hom daarin gehelp het nie.

In die dood was die stryd van God se Leërowerste ook anders as Josua s’n.

- Hy het nie saam met God se volk geveg nie – Hy het vir hulle geveg.
- Sy oorwinning het gewaarborg dat die ware gelowiges van alle tye die erfdeel van die hiernamaals kan ontvang – soos wat Israel Palestina gekry het.
- Die hele idee van Jesus se stryd word dié aand al voorgestel deur die feit dat Hy daar voor Josua gestaan het met ’n ontblote swaard.

4. Toepassing

Ons moet nou net onthou dat die genade en die oorwinning van die Here Jesus Christus ’n element is van ons daaglikse lewe.

- Hy is altyd saam met ons in ons vreugde en in ons spanning.
- Daarom moet ons lewens die stempel dra van die heiligheid van ons Verlosser.
- Ons moet daarom met blydskap die lewe aanpak en leef – die ware gelowige deins nie terug vir elke probleem of uitdaging waarvoor hy te staan kom nie.
- Die ware gelowige gaan lê ook nie wanneer hy voor ’n beproewing te staan kom nie.
- Glo en leef jou lewensroeping uit sonder om te twyfel, want jy behoort reeds aan God se Oorwinnaar, Jesus Christus.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 7-1:1 (31:1)

1 Toe sien ek teen die bloue vert’ / ’n ruiter op sy haelwit perd;

en 't was om Hom stormagtig, / want Hy, die ruiter, voer sy stryd
en oordeel in geregtigheid; / sy Naam is: Trou, Waaragtig.
Sy oog is soos 'n vlam van vuur, / sy krone skitter in die uur
van langverwagte oorwinning. / Sy Naam, diep met sy wese een,
deurgrond geen mens, net Hy alleen / in held're selfbesinning.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 14 Oktober 2007 (oggend)